

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 7
12 MAART 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeiedag Ouers

AFLAAI EN OPLAAI VAN LEERLINGE VOOR EN NA SKOOL
Ons wil 'n dringende versoek aan al ons ouers rig om soggens net u kind af te laai en te ry en nie te parkeer voor die skool nie. Al die graad 1-tot 7-leerlinge gaan by een hek in en dit skep groot verkeersprobleme as u voor skool voor die hoofhek parkeer om eers met mekaar te gesels. Kom ook asseblief alle verkeersreëls na.

Al die leerlinge moet direk na skool op hul spesifieke tye afgehaal word. (12:45 op Vrydae). Leerlinge wat ekstra klasse bywoon moet ook direk na die klasse afgehaal word. **Geen leerling mag na skool by die skool sit en wag vir hul ouers nie.** Die beleid sal streng toegepas word.

Ons is onder leiding van die OKOD en ons mag onder geen omstandighede leerlinge, wat nie by ons nasorg inskakel nie, na skoolure akkommodeer nie, omdat ons nie sosiale afstand kan afdwing nie en so u kind in gevaar stel. Tref asseblief die nodige reëlings.

LAATKOM VAN KINDERS
Ons doen 'n beroep op u as ouers om te sorg dat u kind(ers) betyds by die skool is. Die afgelope ruk was daar baie kinders laat vir skool. Die skool begin stiptelik om 07:45. As daar een lewensles is wat baie belangrik vir kinders is om te leer, is dit om altyd betyds te wees vir afsprake. Indien u kind laat is, sal ons ongelukkig vir hulle inskrywings gee op hul kommunikasiekaarte en hul name deurgee aan die departement.

NETHEID VAN ONS LEERLINGE
Dit het onder ons aandag gekom dat sommige van ons leerlinge nie die voorgeskrewe skoolklere dra nie. Dit is baie belangrik dat hulle volgens die voorskrifte soos vervat in hul huiswerkboek elke dag moet aantrek. Indien hulle koud kry, mag hulle 'n maroon trui of die skool se amptelike skoolbaadjie dra. Geen rainomac mag saam met skoolklere gedra word nie. Die baadjie is tans nie verpligtend nie, want ons het as gevolg van Covid-19 nie Maandae saal nie. As wintersdrag sal dit weer in die wintermaande verpligtend wees.

As ‘n vergunning gedurende die Covid-19 pandemietyd, mag die leerlinge die dae wat hulle LO het met hul sportklere skool toe kom. Hulle moet tekkies en wit sokkies dra asook ons amptelike sportdrag. Indien hulle koud kry trek hulle hul skoolsweetpak aan. Die amptelike skool rainomacbaadjie mag saam met die sportklere gedra word.

SPENSIE-PENSIE GESKENKMANDJIE FONDSINSAMELING : 19 – 22 APRIL
Daar is gedurende die week ‘n inligtingsbrief na ouers uitgestuur rakende ons heel eerste fondsinsameling van die jaar. Elke graad kry ‘n kans om ‘n geskenkmandjie propvol items van wasgoedpoeier tot braaigoed vir hul “Spensie se Pensie” te wen! Ons gaan staatmaak op skenkings van u as ouers vir hierdie mandjies en elke graad is verantwoordelik vir ‘n spesifieke lys items, wat ook in die brief uiteengesit is. Indien u meer inligting benodig is u welkom om Mev. Veronica Smit per e-pos te kontak by: ontvangs@lnpark.co.za

BEHEERLIGGAAMVERKIESING 2021
Tydens die verkiesing van 4 Maart 2021 was daar nie ‘n kworum nie en kon die stemme wat uitgebring is, nie getel word nie.

U het reeds ‘n kennisgewing van die tweede beheerliggaamverkiesingsvergadering wat op Donderdag, 18 Maart 2021, van 08:00 tot 16:00 gaan plaasvind, ontvang. Nominasievorms is by die kantoor beskikbaar. Nominasies sal vir hierdie doel vanaf **11 Maart 2021 tot 08:00 op 15 Maart 2021** by die skool aanvaar word. (Nominasievorms is by ontvangs verkrygbaar.)

Die nominasies van die eerste verkiesing van 4 Maart 2021 is nog geldig. Die persone hoef nie weer genomineer te word nie.

Ons wil alle ouers aanmoedig om die verkiesing van 18 Maart 2021 in die skoolsaal by te woon. U word vriendelik versoek om asb. die skeurstrokie van die kennisgewing wat u ontvang het terug te stuur. Baie dankie vir almal wat dit reeds gedoen het.

U moet asb. u ID-dokument/rybewys tydens die dag van die verkiesing saambring. Dit is nie nodig vir ‘n kworum dié dag van die tweede verkiesingsvergadering nie.

GESKENKPAKKIES VIR KINDERPARTYTJIES
Die snoepie gaan voortaan geskenkpakkies vir kinderpartytjies opmaak en fondse sal direk aan die skool gaan. Gewone geskenkpakkies sal teen R10 per pakkie verkoop word. Indien ouers ‘n spesifieke tema ingedagte het, kan u dit so aan ons kommunikeer en sal die pakkies dan R15 elk beloop. Foto’s van die gewone pakkies sowel as die temapakkies verskyn op ons facebookblad. Bestel asseblief per e-pos by: fin@lnpark.co.za en betalings geskied streng EFT.

TOELATING 2022: GRADE R en 1 (BESTAANDE OUERS)
Dit is alweer tyd dat ouers moet aansoek doen vir toelating tot die skool vir 2022. Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R of graad 1 in 2022 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

SKOOLKALENDER EN TOETSROOSTER VERANDER

Die skool se kalender is aangepas om saam met die rooster wat hier onder volg, te pas. Ons moes aanpassings doen om die vakansiedae in ag te neem. Die aangepaste toetsroosters sal volgende week aan die leerlinge gegee word.

DIE RES VAN DIE KWARTAAL SE ROOSTER GRAAD 4 TOT 6

Die tabelle hier onder dui aan wanneer watter groep skool toe kom en watter dag se rooster ingepak moet word. Slegs grade 4 tot 6 volg die spesifieke rooster. Die grondslagfase- en graad 7-leerlinge sal 'n normale skooldagrooster volg. Die groepe waarin die leerlinge ingedeel is, verskyn in D6 onder bronne.

Bestudeer die onderstaande tabelle om u te vergewis van hoe dit gaan werk.

GROEP A

Datum	Dag	Rooster gevolg
2021/03/15	Maandag	Volg Maandag se rooster
2021/03/17	Woensdag	Volg Dinsdag se rooster
2021/03/19	Vrydag	**Volg Vrydag se rooster**
2021/03/22	Maandag	**VAKANSIEDAG**
2021/03/24	Woensdag	Volg Woensdag se rooster
2021/03/26	Vrydag	**Volg Donderdag se rooster**
2021/03/30	Dinsdag	Volg Maandag se rooster
2021/04/01	Donderdag	Volg Dinsdag se rooster
2021/04/02	Vrydag	**VAKANSIEDAG**
2021/04/05	Maandag	**VAKANSIEDAG**
2021/04/07	Woensdag	Volg Woensdag se rooster
2021/04/09	Vrydag	**Volg Vrydag se rooster**
2021/04/13	Dinsdag	Volg Donderdag se rooster
2021/04/15	Donderdag	Volg Maandag se rooster
2021/04/19	Maandag	Volg Dinsdag se rooster
2021/04/21	Woensdag	Volg Woensdag se rooster
2021/04/23	Vrydag	**SKOOL SLUIT**

GROEP B

Datum	Dag	Rooster gevolg
2021/03/16	Dinsdag	Volg Maandag se rooster
2021/03/18	Donderdag	Volg Dinsdag se rooster
2021/03/22	Maandag	**VAKANSIEDAG**
2021/03/23	Dinsdag	Volg Woensdag se rooster
2021/03/25	Donderdag	Volg Donderdag se rooster
2021/03/29	Maandag	Volg Maandag se rooster
2021/03/31	Woensdag	Volg Dinsdag se rooster
2021/04/02	Vrydag	**VAKANSIEDAG**
2021/04/05	Maandag	**VAKANSIEDAG**
2021/04/06	Dinsdag	Volg Woensdag se rooster
2021/04/08	Donderdag	Volg Donderdag se rooster
2021/04/12	Maandag	Volg Maandag se rooster
2021/04/14	Woensdag	Volg Dinsdag se rooster
2021/04/16	Vrydag	**Volg Vrydag se rooster**
2021/04/20	Dinsdag	Volg Woensdag se rooster
2021/04/22	Donderdag	Volg Donderdag se rooster

AFLOSPERSONEEL
Indien daar enige gekwalifiseerde onderwysers is wat beskikbaar is om soms uit te help (darem nie verniet nie) by die skool wanneer personeel siek is of met kursus is, moet u asseblief u inligting deurgee sodat ons u kan kontak.

Laat weet asseblief vir my wat u kwalifikasies is en ook u kontaknommer. By voorbaat dankie vir u bereidwilligheid om ons te help.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2021
Soos reeds aan u deurgegee, beloop die skoolgelde vir die jaar soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 tot 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R15 500	R1 550	R1 410
Tweede kind	R14 100	R1 410	R1 282
Derde kind	R 9 800	R 980	R 891
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
	R15 500	R1 550	R1 410

NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM – KWARTAALLIKS VOORUIT BETAAL		
	PER JAAR	**PER KWARTAAL**
13:00/13:30 – 14:15	R 5 100	R 1 275
13:00/14:15 – 17:30	R 7 520	R 1 880
13:00/13:30 – 17:30	R 8 800	R 2 200

MUSIEK: MAANDELIKS VOORUIT BETAALBAAR	
Periodes per week	**Per Maand/10 mnde**
1	R200
2	R310
3	R450

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2020. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal.
Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien u skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2021, kan u kwalifiseer vir 'n 5% korting.

AANSOEK OM VERLIGTING VAN SKOOLGELDE
Die aansoekdatum vir verligting van skoolgelde het **reeds op 28 Februarie 2021 gesluit.** Indien u nog nie aansoek gedoen het nie, het u 'n **finale kans om aansoek te doen voor 12 Maart 2021.** U kan die nodige vorms per e-pos by Mev. Laas aanvra en dit so spoedig moontlik vir oorweging deur die beheerliggaam, indien. Die aansoekdokumente moét van die nodige dokumentasie (o.a. bewys van inkomste) vergesel wees. Aansoeke moet na fin@lnpark.co.za ge-e-pos word.
Geen vrystellings wat in 2020 toegestaan is, word na 2021 oorgedra nie.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. 'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK
Wie besef dat 'n mens nooit ooit alleen hoef te staan in 'n krisis nie, sal waarskynlik baie minder krisisse ervaar.
John A. Shedd

Ons grootste prestasie is nie dat ons nooit geval het nie, maar dat ons na elke val opgestaan het.
Oliver Goldsmith

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 15 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep A** Klerewinkel **07:30-12:00** ***Mnr. Percy Barnard verjaar**
Di – 16 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep B**
Woe – 17 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep A** Klerewinkel **12:00-14:30**
Do – 18 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep B** **Beheerliggaamverkiesing (2) : 08:00 – 16:00**
Vr – 19 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep A** Klerewinkel **07:30-12:00**